# RESENSIE

**Titel:** A Time to Embrace. Same-sex Relationships in Religion, Law, and Politics (Tweede Uitgawe).

**Outeur:** William Stacy Johnson (Arthur M. Adams, Professor in Sistematiese Teologie aan die Princeton Teologiese Seminarium)

**Uitgewer:** Wm. B. Eerdmans Publishing Co; Grand Rapids. 390 bladsye.

Volgens William Stacey Johnson is daar dramatiese veranderings rakende gay verbintenisse en huwelike wêreldwyd aan die plaasvind. In die eerste uitgawe van sy boek, *A Time to Embrace* (2006), was sy gedagtes oor dieselfde-geslag verhoudings minderheidstandpunte in die VSA. Sedertdien het hierdie kwessie, soos in die tweede uitgawe van hierdie boek aangetoon word, 'n keerpunt bereik.

In 1996 het 27% Amerikaners aangedui dat hulle ten gunste van gay huwelike is. In 2004 het dit gegroei tot 40%, en in 2011 tot 53%. Dit is nogal 'n verbasende groot toename in 'n relatief kort tyd!

Onder jonger Amerikaners (tussen die ouderdomme 18 tot 34) is die ondersteuning van gay huwelike nóg groter, naamlik 70%. Hierdie veranderinge in demografie dui daarop dat hierdie steun in die toekoms waarskynlik net nog meer gaan word.

Dit maak nie saak aan watter kant van die debat 'n mens staan nie, hierdie feite en skuiwe kan nie geïgnoreer word nie.

Hierdie openheid rakende gay huwelike word ook toenemend elders in die wêreld gesien. Toe die eerste uitgawe van hierdie boek verskyn het, is gay huwelike nog net in Nederland (2001), België (2003), Spanje (2005), Kanada (2005) en Suid-Afrika (2006) erken. Sedertdien is dit ook goedgekeur deur Noorweë (2009), Swede (2009), Portugal (2010), Ierland (2010), en Argentinië (2010). 70% Argentyne ondersteun hierdie oortuiging.

Mexiko het in 2010 gay huwelike begin erken. In Nepal is daar 'n wetlike mandaat hiervoor gegee en behoort dit deel van hul nuwe grondwet te word. Dit sal die eerste Asiatiese nasie wees wat huweliksgelykheid erken. En dan is daar 19 lande wat voorsiening maak vir burgerlike verbintenisse of geregistreerde vennootskapreëlings wat betref gay persone. Baie van hierdie nasies sal mettertyd waarskynlik gay huwelike amptelik erken.

Daar het ook morele en godsdienstige paradigmaskuiwe gekom. In 2006, met die eerste verskyning van die boek, het die meeste hoofstroomkerke die ordening van gays wat nie selibaat (wil) leef nie, verbied.

In 2005 (die boek was toe reeds in die drukproses) het die *United Church of Christ (UCC),* wat reeds in 1972 die ordening van 'n gay persoon beleef het, die eerste groot Amerikaanse denominasie geword wat gelyke huweliksregte vir alle mense, ongeag seksualiteit, bekragtig het.

In 2009 het die *Protestant Episcopal Church* in die VSA gestem dat plaaslike biskoppe die seëning van dieselfde-geslag paartjies mag toelaat. In dieselfde jaar het die *Evangelical Lutheran Church* in Amerika besluit “to ordain persons in publicly accountable, lifelong, monogamous same-gender relationships”.

Op 11 Mei 2011, het die *Presbyterian Church* (VSA) besluit “to eliminate a provision of its constitution designed to prohibit the ordination of certain sexually active gay and lesbian people.”

Die *United Methodists* het by hulle 2012 Algemene Konferensie verklaar om 'n deklarasie in hulle *Book of Discipline,* naamlik dat die beoefening van homoseksualiteit nie te rym is met Christelike leerstellinge nie, te heroorweeg.

Dít beteken natuurlik nie dat die pad vorentoe net maanskyn en rose gaan wees wat hierdie saak betref nie. Tradisionele maniere van dink en redeneer gaan nie sommer oornag uitsterf nie.

Johnson is tog verras deur die spoed waarmee verandering ten opsigte van hierdie saak plaasvind. Wat hy, in die eerste uitgawe van hierdie boek, gedink het 10-20 jaar sou neem, het binne 5-6 jaar gebeur. Hy voorspel dat daar in die nabye toekoms nóg vinniger beweeg gaan word wat betref die aanvaarding van gay huwelike.

Verandering hieroor berus egter nie net by sekulêre politiek nie, maar ook op morele en godsdienstige gesindhede.

Volgens Johnson hoef daar nie 'n teenstrydigheid tussen godsdienstige groeperings en die sekulêre samelewing te wees wat die huwelik betref nie:

> Though the secular and sacred realms operate according to different rules, marriage is an issue regarding which secular and sacred values overlap and impinge upon one another … If I truly value your humanity, then I will value your most precious relationships, so long as those relationships are not hurtful to others.

Vir Johnson is die evangelie, asook die integriteit en geloofwaardigheid van gelowiges, in hierdie dialoog op die spel. Al hoe meer jongmense stel, volgens hom, Christendom gelyk aan "veroordelend" en "anti-gay". En dít is in teenstelling met Christus se solidariteit met mense wat deur die samelewing as immoreel en gemarginaliseerd gereken is.

Ook raak al hoe meer mense daarvan oortuig dat die Bybelse verwysings na

homoseksualitet, geplaas binne hulle sosio-kulturele omstandighede, niks oor liefdevolle, monogame gay verhoudings in die 21ste eeu sê nie.

In 'n nuwe slothoofstuk, argumenteer Johnson dat Christene 'n verantwoordelikheid het om hulle tradisionele teenkanting teen gay seksualiteit in heroorweging te neem, en met nuwe taal en argumente na vore te probeer kom ter ondersteuning van gay huwelike, gegrond in tradisie en 'n diep verstaan van die evangelie.

Vir hom is dit belangrik dat dieselfde-geslag verbintenisse in ons godsdienstige gemeenskappe ingewy en geseën moet word, binne ons regstelsel bekragtig moet word, en binne die raamwerk van 'n demokratiese politieke bestel verwelkom moet word.

Stories van gay mense en hulle omstandighede het, volgens hom, oor jare hierdie dialoog wesenlik beïnvloed en bevorder. 'n Toenemende aantal gay persone maak liefdevolle verbintenisse – verbintenisse wat dieselfde kenmerke het as die tradisionele huwelik.

In hierdie boek bied Johnson 'n briljante ontleding van die godsdienstige, wetlike en politieke belange in die debat oor gay huwelike, burgerlike verbintenisse en die plek van toegewyde gay paartjies in 'n demokratiese samelewing. Hy weeg die voor- en nadele oor die hele morele en godsdienstige spektrum op, terwyl hy 'n vars, prikkelende ondersoek na een van die mees omstrede kwessies in die Weste vandag bied. Hierdie boek wil dus 'n geïntegreerde gesprek tussen godsdiens, wetgewing en die politiek fasiliteer.

Hy probeer nie om 'n etiek vir menslike seksualiteit te ontwikkel nie, alhoewel daar deurgaans universele insigte hieroor na vore kom.

Hy maak gebruik van sewe morele en teologiese maniere om dieselfde-geslag verhoudings te verstaan, terwyl hy die sterk- asook swakpunte van elkeen binne die Christelike beskouing van skepping, versoening en verlossing bespreek.

Johnson sluit sy argument om liefdevolle, getroue, monogame gay verhoudings te aanvaar af met die volgende opmerking: “It is time to embrace those who for so many years have earnestly longed to be treated as equal and valid parts of the human family.”

Dit is een van die beste boeke wat ek oor hierdie onderwerp gelees het.

*The Christian Century* sê: Nothing less than a tour de force – David G. Myers merk op:

> Kudos to William Stacy Johnson, a theologian-lawyer in the tradition of John Calvin. *A Time to Embrace* is sweeping in its scholarship, incisive in its reasoning, faithful in its theology, lucid in its writing and helpfully pastoral

in its advice.

Hierdie boek kan uitstekend deur studente, Bybelstudiegroepe en besprekingsgroepe asook vir persoonlike studie gebruik word.

Dr Chris Jones
Communitas